APPENDIX VII

Groenpunt Primêr
Dutch Reformweg 73
Greenpoint
Kimberley
8301

Groenpunt Primary School
P.O. Box 10178
Beaconsfield
8315

Tel: (053) 8511309
Fax: (053) 8511561
Cell: 084 366 7337

Prinsipaal: W. Block

Die Bestuurder
Hunger and Thirst
AngleStraat 1
New Park
Kimberley
8301

VOEDINGSPROGRAM

Geagte Neil

Hiermee word bevestig dat bogenoemde program in volle operasionalisering by bogenoemde instansie is.

Tans word 400 kinders alternatiewe dae gevoed. Hulle is onder die toesig van 8 mentors, wat verseker dat hulle hul maaltye kry. Verder meer geniet die kinders die voorreg om 'n "Life Skills" program te deurloop, wat verseker dat hulle toegerus is met vaardighede om situasies te kan aanpak en die regte besluite te kan maak.

Ons verwelkom en het groot waardering vir hierdie program aangesien ons leerders baie baat hierby vind.

Met dank.

Die uwe

W. Block

11 Junie 2008



APPENDIX VIII

BARKLY-WES PRIMÊR

Irisstraat 1405
De Beershoogte
Barkly-Wes

Prinsipaal: W.T. Chabalala
Tel/Faks 053 - 5311144

Posbus 596
Barkly-Wes
8375

barklypri@telkomsa.net
bwb@telkomsa.net

HEIL DIE LESER

Baie dankie vir Hunger + Thurst se uitreikingsprogram. Ons leerders vind baat hierby.

- Aantal kinders wat huidiglik gevoed word by ons skool : 220
- Aantal mentors wat huidiglik aangestel is by ons skool is : 9
- Hunger + Thurst: Voed kinders met kospakkie vir 3 gebalanseerde etes per dag.
  Die "lifeskills" program wat hulle help om 'n lewe van meer as
  Genoeg te kan lewe.

Ons vertrou dat die program meer kinders in die toekoms sal bereik.

Die uwe

18·06·08

W.T. Chabalala (Prinsipaal)

APPENDIX IX

Dutoitspan Primary School
Telephone 811643
Central Road
P.O. Box 10177
Beaconsfield
8315 Kimberley

DUTOITSPAN
KOOP DIE TYD UIT

Dutoitspan Laerskool
Telefoon 811643
Sentraalweg
Posbus 10177
Beaconsfield
8315 Kimberley

5 Junie 2008

WIE DIT MAG AANGAAN

Die "Hunger and Thirst Foundation" is tans betrokke by Dutoitspan Laerskool.

Die aantal kinders wat huidiglik deur hierdie organisasie by ons skool gevoed word beloop 50 en die aantal mentors betrokke is 4.

Hunger and Thirst verskaf aan die kinders drie gebalanseerde etes per dag in die vorm van kospakkies wat weekliks afgelewer word. Die mentors verskaf ook 'n lewensvaardigheidprogram aan die kinders wat hulle help om 'n lewe van oorgawe te kan lewe.

Ons dank gaan uit aan Hunger and Thirst vir die werk wat hulle verrig om honger magies te vul en leerders vir die lewe toe te rus.

Vriendelike groete

H J J Bam
SKOOLHOOF

RIETRIVIER PRIMARY SCHOOL

✉ POSBUS 32
P.O. BOX 32
MODDERRIVIER
8700

MERCURYSTRAAT
MERCURY STREET
RIETVALE
RITCHIE
8701

Tel: 053-5800115
or 053-5800643

W.G. Waldeck
Faks/Fax: 053-5800115
18 Junie 2008

Die Stigter
Hunger & Thirst
Angelstraat
Kimberley
8305
Vir Aandag: Mnr. Neil Pretorius

Geagte Heer

INSAKE: ONDERSTEUNINGSDIENS AAN SKOOL

Ons neem kennis van die vermoë van u organisasie en na gelang van ons omstandighede, naamlik armoede, sosio-ekonomiese omstandighede, werkloosheid, ens. gaan ons gemeenskap gebukkend onder vele probleme. Die skool nader dus u organisasie om ons van hulp te wees, deur ons leerders van 'n kospakkie te voorsien.

Ons skool het 1400 leerders en dus is ons nood baie groot. Baie van die leerders kom sommige dae honger skool toe en u hulp sal hoogs waardeer word. Die diens wat u in ons gemeenskap kom lewer, sal hoogs waardeer word, want u sal ons help om sommige probleme aan te spreek.

Ons hoop en vertrou dat ons pleidooi goedgunstig oorweeg sal word.

Die uwe

Mnr. W.G. Waldeck
Prinsipaal

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
RIETRIVIER PRIMÊR
18 JUN 2008